# Die uitstel van boedelbelasting

Op 1 Januarie 2010 sal daar moontlik wysigings aan die Boedelbelastingwet in werking tree wat ‘n aansienlike uitwerking op jou boedelbeplanning kan hê.

Huidiglik is elke natuurlike persoon geregtig op ‘n R3.5 miljoen aftrekking wat “korting op boedelbelasting’ genoem word. Dit beteken dat die eerste R3.5 miljoen in ‘n mens se boedel nie onderworpe is aan boedelbelasting nie. Verder sal aanspreeklikhede ten tyde van dood (insluitend Belasting op Kapitale Wins betaalbaar by dood), nalatenskappe aan welsyns-, opvoedkundige en godsdienstige instellings binne Suid-Afrika en eiendom wat aan ‘n oorlewende eggenoot nagelaat word, geen boedelbelasting vereis nie, wat op die oomblik teen 20% gehef word.

Die voorgestelde wysiging aan die wet sal ‘n eggenoot in staat stel om sy/haar korting op boedelbelasting oor te dra aan die oorlewende eggenoot indien dit nie gebruik is nie.

Byvoorbeeld, vanaf volgende jaar – as ‘n vrou sterf en haar hele boedel aan haar man nalaat sonder dat die korting gebruik word, sal haar man se boedel sowel sy eie korting as sy oorlede vrou s’n kan benut. Met ander woorde sy boedel sal ‘n korting van R7 miljoen op boedelbelasting ontvang.

## Aanbeveling

Hoewel hierdie ontwikkeling boedelbeplanning vereenvoudig en ‘n mens aanmoedig om al jou bates aan jou eggenoot na te laat, sou dit sake ook kon kompliseer – veral as jy kinders het.

Indien ‘n vrou byvoorbeeld alles aan haar man nalaat en hy trou weer, sou hy kon kies om sy hele boedel aan sy nuwe vrou na te laat en sou die kinders nooit enige geld uit hul ma se boedel ontvang nie. Deur gebruik te maak van die R3.5 miljoen korting op boedelbelasting, sou jy kon verseker dat ‘n deel van jou boedel aan jou kinders nagelaat word. Die Nasionale Tesourie het onlangs bevestig dat, indien ‘n deel van die korting deur die eerste eggenoot benut word, die oorlewende eggenoot steeds sal kwalifiseer vir die oorblywende korting wat nie benut is nie. Dus sou jy nie die hele R3.5 miljoen aan jou kinders hoef na te laat nie.